MENLO Debat

www.menlopark.co.za

# Graad 8-debat
# 2024
# Ouerinligtingsvergadering



# Wat is Debat?

- **Debat is ’n *gestruktueerde gesprek* tussen twee spanne (voorstanders en teenstanders) oor ’n spesifieke, *aktuele* onderwerp. Dit bestaan uit 4 komponente nl.**

  **- Die (1) begripsontleding**
  **(2) konstruktiewe toespraak**
  **(3) debatsgesprek**
  **(4) repliek**

- **’n Debatspan bestaan uit twee of drie spanlede (dit hang van die soort kompetisie af.)**

# Voorbeelde van debatsonderwerpe

- Suid-Afrika behoort (nie) ’n nuwe kiesstelsel in te stel (nie).
- Stedelike landbou behoort (nie) voedselsekerheid in Suid-Afrika te bevorder (nie).
- Pleknaamsverandering bevorder (nie) versoening in Suid-Afrika (nie).
- Die onttrekking van multinasionale maatskappye behoort (nie) die land tot voordeel te strek (nie).
- Geblikte leeujag moet (nie) gewettig word (nie).

MENLO Debat

www.menlopark.co.za

# Watter leerder sal in Debat belangstel?

**’n Leerder wat:**

- **op sy / haar voete kan dink!**
- **’n baie breë algemene kennis oor aktuele sake het.**
- **BAIE lief is vir lees en om aktuele sake na te vors.**
- **dit sal geniet om baie inligting in ’n treffende toespraak saam te vat.**
- **goeie kommunikasievaardighede het en ’n sterk spreker is.**
- **uitstekend taalvaardig is.**

# Waarom aan Debat deelneem?

- Dit leer ’n kind hoe om ’n argument te formuleer en sy / haar standpunt te verdedig.
- Dit laat ’n kind vernuwend dink.
- Dit leer ’n kind hoe om hoflik na ander te luister en die teenoorgestelde van ’n standpunt in te sien.
- Debat maak ’n kind wydbelese en dit verbreed sy / haar algemene kennis oor ’n verskeidenheid van aktuele onderwerpe.
- Debat het die vermoë om ’n kind oopkop oor die lewe te hou.
- In Debat is daar geen regte en verkeerde antwoord nie – dit is wat dit so interessant en uitdagend maak.
- Debat leer ’n kind hoe om geskilpunte om ’n beleefde wyse te hanteer.
- Debat is hope pret!

MENLO Debat

www.menlopark.co.za

# Kompetisies

| | ATKV | Con Spirito | Dink of Sink |
|---|---|---|---|
| **Aard van die kompetisie** | Voorbereid<br><br>Baie formeel (Parlementêr) | Voorbereid | Onvoorbereid |
| **Datums** | • April (1ste ronde)<br>• Mei (Semifinaal)<br>• Augustus (Landsfinaal) | • Julie (1ste ronde & semifinaal)<br>• September (Landsfinaal) | • Julie |

MENLO Debat

www.menlopark.co.za

# Prestasies van 2023

| ATKV | Con Spirito |
|---|---|
| • 6 uit 8 spanne wen hulle debatte<br><br>• 4 spanne is in die Top 10<br><br>• 2 spanne dring na die semi-finaal deur<br><br>• 1 span in die landsfinaal:<br><br>- Nasionaal $4^{de}$<br>- Beste Afrikaanse taalgebruik | • 7 uit 13 spanne dring na die semi-finaal deur<br><br>• 6 uit 7 spanne dring na die landsfinaal deur en kry gemiddelde bo 85%<br><br>- Nasionaal $4^{de}$ en $6^{de}$ |

# Debatoefening

- Elke Dinsdagaand vanaf 17:00 – 19:00
- Een keer per week saam met sy / haar spanafrigter
- Een keer per week saam met spanmaat(s)

MENLO Debat

www.menlopark.co.za

# Kontakbesonderhede

- tanya.matthysen@menlopark.co.za (Debatorganiseerder)